

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-06-03

DIE STAAT teen :

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21
ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACCOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS :

LUBBE OPNAMES

VOLUME 412

(Bladsve 24 034 tot 24 067)

DIE HOF HERVAT OP 3 JUNIE 1988

ALFRED STETI SKWEYIYA, nog onder eed - (deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Dankie, edele, al die beskuldigdes is teenwoordig. Mnr Skweyiya, u het in u getuienis gesê dat 'n persoon met die naam van Boss was gekies as die sameroeper van 'n onderwyskomitee en is as sulks opgeneem in CRADOYA se bestuur, is dit reg?

HOF: CRADORA of CRADOYA?

MNR JACOBS: CRADOYA, dit is..

HOF: CRADOYA se bestuur? (10

MNR JACOBS: Ja, die eerste een. -- Ja.

Is dit die man wie se voornaam, ek gaan dit spel, dit is Dhanduxolo. -- Ek ken nie sy regte naam nie, maar ek ken hom by sy van as Boss. Ek weet nou nie of dit die naam is wat gespel is, wat Dhanduxolo is nie. Die ene wat ek van praat was Rhodes universiteit toe waar hy B Ed gaan doen het. Dit was in die jaar 1984.

Is daar 'n persoon Boss tydens die onluste oorlede? -- Ja, die persoon was geskiet in Port Elizabeth.

HOF: Is dit dieselfde man? -- Nee, hierdie een is in (20 Rhodes.

MNR JACOBS: Is hy familie van hierdie ene? -- Daar is so baie van die Boss in Cradock, ek weet nie of hulle familie is nie.

Kan jy onthou dat daar op 27 April 1985 'n begrafnis was van hierdie snaakse naam Boss daar in Cradock? -- Ja.

Het jy die begrafnis..

HOF: Wag nou net so 'n bietjie. Was dit die begrafnis van Dhanduxolo? -- Ek weet nie wat sy naam is nie. Al wat ek sê is om en by die einde Aprilmaand by Boss was daar 'n begrafnis gewees van 'n seun wat geskiet was. Dit wil sê die seun wat (30

geskiet / ..

geskiet is terwyl dié in Port Elizabeth was.

MNR JACOBS: En hierdie begrafnis was daarso organisasies van verskeie omliggende dorpe, buurdorpe, daar verteenwoordig op hierdie begrafnis? -- Nee, nee, die posisie is dat ek weet dat daar so 'n begrafnis was maar ek het nie die begrafnis bygewoon nie. Die rede daarvoor is dat hierdie begrafnis sou die Saterdag plaasgevind het en die Vrydag, dit is die Vrydag net voor die Saterdag van die begrafnis is daar twee kinders geskiet in Cradock. Ons was so bekommerd gewees daarvoor dat ek eers daardie begrafnis bygewoon het. (10)

Jy het nie gesien die begrafnisstoet of enige iets van hulle nie? -- Ek weet niks van die begrafnis nie.

Nou ek wil dit aan u stel meneer, dat in Cradock was daar intensief georganiseer en gewerk vir die realisering van 'n "people's government". -- Nee, ek ontken dit, daar bestaan nie so-iets nie.

En vir die vestiging van "people's power", die massa se mag. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

En as deel van hierdie opbou van hierdie "people's power" na 'n "people's government" toe was daar straatkomitees (20 gestig. -- Ons het straatkomitees gehad wat einde Januarie begin het maar in Februarie toe is dit gestop, die vergaderings was gestop. Die straatkomitees het daar bestaan vir die probleme wat in daardie strate was. Dit is wat hulle aan aandag sou gegee het.

HOF: Is dit nou in 1985? -- Ja.

MNR JACOBS: En die persone wat daarvoor gewerk het en hierdie straatkomitees tot stand gebring het was CRADOYA se bestuur en CRADORA se bestuur met die werklike leier hiervan **Mathew** Goniwe. -- U is nie die eerste ene wat dit sê nie. (30)

Ons / ..

Ons ontken dit, ons lag net as 'n mens dit sê want hy is nie die persoon wat dit begin het nie.

HOF: Wie het dit dan begin? -- Ons, die gemeenskap, het daaromtrent besluit dat daar so-iets moet wees want die vergaderings word nie daaglik gehou vir die mense om klagtes by te bring nie.

MNR JACOBS: Jy sien ek wil vir jou - is dit reg dat die gebied was opgedeel..(bespreking in agtergrond) Is dit reg dat hierdie woongebied, swart woongebied was opgedeel in sewe sones? -- Dit is so. (10

HOF: Was dit van owerheidsweë of deur julle opgedeel in sewe sones? -- Van owerhede.

MNR JACOBS: Watse owerhede? -- Dit is die wyke van die raadslede, volgens die wyke was hulle sewe gewees. Die plek was verdeel in sewe.

Die raadslede het nie gesê julle moet hierdie straatkomitees tot stand bring nie, en hierdie wyke nie? -- Nee, dit is nie hulle nie.

Jy sien ek wil vir jou uit 'n dokument wat UDF uitgegee het voorlees. Dit is Isizwe, THE NATION, journal of the (20 United Democratic Front, vol.1, nr.2 van Maart 1986. Ek het kopieë gemaak van die besondere bladsye waarna ek gaan verwys vir die gerief van die hof op hierdie stadium en ook die getuie. Op bladsy 4 verskyn 'n artikel met die opskrif: "Building People's Power". Dit is deel van 'n hele artikel in die oorspronklike een, maar ek wil hier op bladsy 4 vir jou lees, van bladsy 4 af:

"The year 1985 has marked the turning point in our struggle. Like never before in the whole series of sectors we have begun not just to demand people's (30
government / ..

government but we have begun to build in that direction." Dan gaan dit daar onder aan en dan dink ek die belangrikste is dan die middel paragraaf op bladsy 5:

"In the townships all over the country the community council system has collapsed. Elsewhere communities marked out for forced removal to bantustans have successfully resisted. This has created a power vacuum in many cases. In many communities the old oppressive administrative structures have been destroyed, owing to mass resistance. Many townships have become no-go areas for(10 police and army. The police fear to move around freely. When they do move into townships they often cannot enforce law and order. People do not approach them readily to report ordinary crimes. At the same time in the embattled townships of the Karoo, Eastern Cape Border and also in some Transvaal townships, we are beginning to see the development of street committees. One of the first townships to introduce street committees in the 1980s, was Cradock township of Lingelihle. Under the guidance of the Cradock Residents' Associa- (20 tion and its chairperson Mathew Goniwe Lingelihle with 17 000 residents was divided into seven zones. About 40 activists were assigned to these different areas and were responsible for holding meetings in each zone. Meetings were held in each area to elect officials and each household could vote for their street representatives. More recently street committees have been operating very effectively in the township Port Elizabeth and Transvaal, Atteridgeville and Naledi. The committees can withstand heavy repression. Street representatives(30

can / ..

can keep a low profile and they are protected by all the people in the street. If the street representative is detained, we can appoint another one."

Sal u saamstem, meneer, dat die feite wat UDF beskikbaar gestel het is heeltemal verskillend van wat u hierso sê? -- Daar is sekere dinge waarop ons ooreenkom en daar is sekere dinge waar ons nie ooreenkom nie, want dit is vir my duidelik dat die skrywer hiervan is nie 'n persoon wat in Lingelihle woon nie, hy het nie die feite presies soos dit daar gebeur het nie. (10

Is dit nie so dat die inligting wat UDF bekom, bekom hy deur sy organisasies wat by hom geaffiliëer is en wat hierdie dinge gedoen het in Cradock nie? -- Ek weet nie want u weet self daar is nie 'n politieke masjinerie wat funksioneer sonder propaganda nie.

Is dit nou propaganda hierdie? Dit is mos so dat dit bestaan het? -- Ek probeer net om u vraag te antwoord.

Is dit nie so dat jy sê daar was 'n vergadering gehou om te besluit oor die straatkomitees? -- Ja, dit is so maar laat ek dit hierso vir u breedvoerig sê. CRADORA is 'n organisasie van demokrasie. Mense is geregtig om eie besluite te neem oor wat hulle wil hê. (20

HOF: Ja, maar wat beteken die antwoord nou? -- Daarby bedoel ek dit was besluit deur die gemeenskap van Cradock dat daar straatkomitees moet bestaan waar hulle die probleme kan bespreek want as ons nou gaan wag vir almal om bymekaar te kom by 'n vergadering dan sal ons die hele nag sit by daardie vergadering sonder dat ons alles kan oplos.

Watter soort probleme is dan besluit? -- Soos byvoorbeeld hierdie tipe probleme, edele, as dit reën dan dam die water (30

miskien / ..

miskien in 'n ander man se huis se perseel wat gevloei het van 'n ander man s'n wat bokant daardie een is en daar word niks gedoen daaromtrent nie en dan ontstaan daar moeilikheid tussen die twee bure, want hulle baklei oor daardie water. Dit is een van die probleme. Tweedens, terwyl die mense besig is om middagete te geniet, 13h00 op die kop, dan staan die emmers daar in die strate of word die emmers uit die toilette uitgehaal. Daardie tipe probleem.

En wie het nou gekom met die idee van 'n straatkomitee?

-- Ek sal nou nie weet presies wie dit voorgestel het by (10 hierdie vergadering nie want dit is lank terug, maar wat ek vir die hof kan sê is dit, die persoon wat daardie voorstel gemaak het, het gesê kyk, aangesien hierdie lokasie alreeds in sewe areas verdeel is, hoe sal dit wees as ons nou komitees stig in elke straat van 'n area om na die probleme te kyk.

Maar is daar dan sewe komitees gestig? -- Die woonbuurt daar is self verdeel in sewe areas. As jy net daar inry kan jy sien daardie is 'n ander area en daardie een is 'n ander area, maar wat gesê was is dit: hoe sal dit wees dat elke area sy probleme moet probeer bespreek voor hulle na die (20 vergadering kom.

Nee wag, u antwoord nie my vraag nie. Was daar dan sewe straatkomitees? -- Nee, 'n area het meer as een straat. Met ander woorde, elke straat in 'n area het 'n komitee gehad, dit wil sê 'n area het meer as een komitee gehad.

Is dit nou komitees vir die lengte van 'n straat of vir 'n straatblok? -- Dit is 'n komitee volgens die lengte van die straat. Daar is wel 'n lang straat daar wat verdeel is omdat die straat te lank is.

Nou waar kom die sewe areas dan in? Is die straat- (30
komitees / ..

komitees nou weer verantwoordelik aan 'n areakomitee? -- Ja, wat gebeur is die straatkomitee, elke straat sal sy probleme bespreek. As daardie probleem dan die hele area raak, dan sal die straatkomitees bymekaar kom, dit wil sê nou vorm hulle 'n areakomitee wat die probleme bespreek, byvoorbeeld soos die emmers.

So daar is dan sewe areakomitees? -- Ja.

Nou op watter vergadering het hierdie idee ontstaan? Op 'n CRADORA of 'n CRADOYA vergadering of 'n ander vergadering? -- Dit was 'n vergadering van beide CRADOYA en CRADORA. (10

ASSESSOR: Gesamentlike vergadering? -- Gesamentlike vergadering, ja.

HOF: Ja?

MNR JACOBS: En die vergadering was dan ook georganiseer deur hierdie twee organisasies CRADOYA en CRADORA spesifiek met die doel om hierdie stelsel van straatkomitees, dan op na areakomitees toe, te bespreek en daaroor te besluit? -- Nee, dit is nie so nie. Hierdie ding is eintlik vanaf 1984 oor Goniwa, die vergaderings was oor Goniwe gewees; die geval van Goniwe. Daar is wel sekere dinge wat opgeduik het by (20 daardie geleentheid waar Goniwe se geval bespreek was, dat sulke goed nou ook maar daar oor besluit is. Dit is nie 'n kwessie van dat dit reeds bespreek was of gereël was dat daardie vergadering daardie feite moet bespreek nie.

MR BIZOS: M'lord, before the cross-examination continues, I do not know what the intention is in relation to these two pages from the booklet, whether it is intended to tender it to your lordship as an exhibit or not, but I think with respect that the document was represented to the witness as this is what the UDF says, and in truth and in fact m'lord, on the (30

contents / ..

contents page of the original which I have just asked to look at, the following appears: "The views expressed in these papers are not the official views of the UDF or any section of the front. They are designed to encourage discussion, debate and education among comrades".

COURT: Is this the Isizwe?

MR. BIZOS: Isizwe, vol.1, no.2, from which what was tendered to your lordship comes from.

COURT: Yes?

MR BIZOS: So I submit with respect that the cross-examiner(10 was not entitled to elevate this as something which the UDF says and I do not know whether your lordship is being asked to receive it as an exhibit or not.

MNR JACOBS: Ek gaan vra dat die hof dit aanvaar en ek sal die oorspronklike inhandig.

HOF: Ek het die oorspronklike nog nie gesien nie. Mag ek dit sien?

MNR JACOBS: Ek dink dit is een wat by een van die borgaan-soeke alreeds ingegees is.

HOF: Ja. Do you have any objection to this document (20 going in, Mr Bizos?

MR BIZOS: We have argued the matter before your lordship has given a ruling, and on the basis of that ruling your lordship would admit it, so I do not want to reargue the matter. I do not know whether your lordship wants the whole document or the title page which really has this endorsement on together with the two pages. And we can argue..

COURT: Actually the document should go in, but only the sections referred to are relevant as far as I am concerned.

MR BIZOS: As your lordship pleases. (30

COURT / ..

COURT: The article that is referred to is relevant. But the document has to be seen as a whole because you will probably argue that it is not official and one should take no cognisance of the views in it.

MR BIZOS: As your lordship pleases, yes.

HOF: Dit gaan in as BEWYSSTUK?

MNR JACOBS: CA.38 is die nommer wat volgende is.

HOF: Dit is Isizwe THE NATION, journal of the United Democratic Front, volume 1, number 2, March 1986.

MR BIZOS: Your lordship will recall the argument that it (10 is outside the period and that sort of thing, but we do not have to recurse with that again.

COURT: Yes well, at the end of the case we will argue what one can make of this type of document.

MR BIZOS: As your lordship pleases.

MNR JACOBS: Kan u die datum onthou toe hierdie vergadering gehou was? -- Ja, dit was in Oktobermaand 1984.

Die areakomitees was hulle weer verder verantwoordelik aan die hooforganisasies CRADOYA en CRADORA? -- Ek het hier gesê dat CREDORA het ontstaan as gevolg van mense se pro- (20 bleme wat hulle na die bestuurskomitee toe gebring het, wat dan verder gevoer is na die administrasieraad toe, maar hierdie geval nou waar die areakomitee gestig was, dit wil sê die mense sal tot die areakomitee kan gaan. Dit is dan die areakomitee wat dit met die bestuurskomitee gaan bespreek om dit dan verder gevoer te kan word.

HOF: Met watter komitee dan? -- Die areakomitee sal die klagte na die bestuurskomitee toe neem van CRADORA. Dan CRADORA komitee, bestuurskomitee, sal dit verder voer. Na dit bespreek is met wie ookal, met die owerhede, dit is nou die (30 bestuurskomitee/..

bestuurskomitee van CRADORA dan sal daar 'n publieke vergadering gehou word waar die antwoord dan bekend gemaak word aan almal. Dit word in die openbaar gedoen, dit word nie weggesteek nie.

Toe u gesê het dat in Februarie is die vergaderings verbied, het u bedoel die vergaderings van CRADORA wat hierdie sake bespreek of het u bedoel op 'n laer vlak? -- Nee, ek het 'n fout begaan daar, dit was 29 Maart 1985 toe die vergaderings verbied was. Ons het dit so verstaan dat toe dit gesê was dat CRADORA se vergaderings verbied word beteken dit dat (10 al die ander vergaderings is ook verbied.

Al dié, van die areakomitees en van straatkomitees? --
Ja.

MNR JACOBS: Is dit reg, mnr Skweyiya, dat - of dra u kennis daarvan dat Mbulelo Goniwe op 'n latere stadium bedank het as gevolg van 'n smeerveldtog teen hom daar in Cradock? --
Nee, hy het nie bedank nie.

Is jy seker daarvan? -- Daar was wel iets gewees waar hy eintlik betrokke was maar voor ons na die vergadering toe is dié was alreeds reggestel. (20

Watter vergadering praat jy nou van? -- Die openbare vergadering.

HOF: Was daar 'n vergadering oor die ding belê? -- Nee, ek sal u sê wat gebeur het is daar was iets gewees waarby hy betrokke was en daar moes dus 'n vergadering gewees het wat dit dan moes bespreek het, maar voor die vergadering dit bespreek het was dit opgelos gewees, dus die verslag wat kom na ons toe is dat daar was iets gewees oor Goniwe, wat hom geraak het, wat julle sou bespreek het. Julle het seker al daarvan gehoor in die woonbuurt. Julle hoef nie meer daaroor (30

bekommerd te wees nie, dit is al opgelos.

MNR JACOBS: Die probleem wat hy gehad het was dit juis met 'n mej Thandi Bangu, 'n lid van die Barayi-straatkomitee?

HOF: B-a..?

MNR JACOBS: B-a-r-a-y-i. -- Wat ek gehoor het daar is dit gaan oor 'n meisiekind in Barayistraat. As ek reg is die van van die meisiekind is Bango. Hulle is familie van mekaar. Dit is nr.13 Barayistraat. Die vader van hierdie dogter, die meisiekind waarvan gepraat word is Mbulelo se oom. Dit is 'n familie affaire wat daar plaasgevind het. (10

En hierdie meisie was die straatverteenvoerder op die straatkomitee van Barayistraat - hoe het jy hom uitgespreek? -- Bagayistraat (volgens uitspraak). Ja, dit is so.

U sien want BEWYSSTUK AAZ.8 wat reeds by die hof ingehandig is, is die bedankingsbrief gerig deur mnr Mbulelo Goniwe aan die sekretaris van Cradock Resident and Youth Associations, gedateer 01/04/1985. Ek weet nie waar dit is nie, maar vat myne. Hy kan daarna kyk. -- Kan ek bietjie lees?

HOF: Ja. -- Ja, ek het geles. (20

Wat is die vraag nou na aanleiding van hierdie bedankingsbrief wat na aanleiding was van een of ander affaire beweerdelik?

MNR JACOBS: Ja, een deel het ek klaar gestel en ek wil dan net stel, so daar was 'n bedankingsbrief formeel ingehandig deur hierdie persoon. -- Nee, ons sal mos nie weet wat daar gebeur het nie. Al wat vir ons gesê is dat die ding is opgelos en dit was nie bespreek by ons vergadering nie. Ek sal nie weet of hy die skrywer is van daardie bedankingsbrief nie. Niemand weet nie, ons sal nie weet nie. (30

Goed / ..

Goed, ons gaan na die volgende aspek toe. Jy het in jou getuienis gesê die administrasieraad het nooit enige huise gebou nie. -- Vir watter tydperk?

Jou getuienis was gewees dat hulle het nooit, die administrasieraad het nooit enige huise in die woongebied gebou nie.

MR BIZOS: The witness gave a period in his evidence.

HOF: Ek dink dit het gestrek tot Julie 1983 as ek reg onthou.

MNR JACOBS: Tot Julie 1983. -- Ja, dit is so.

So die nuwe huise wat daar gebou is was dan deur die (10 dorpsraad gebou? -- Ja, dié van die dorp, dit is Cradock munisipaliteit.

Nou jy het gesê ook dat die dorpsraad is gediskrediteer..

HOF: Ja, maar wag nou net so 'n bietjie. Die blanke munisipaliteit van Cradock het huise gebou, so verstaan ek die antwoord. Daar was nooit getuienis dat die blanke munisipaliteit van Cradock gediskrediteer is nie.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag. Die huise in 1983, was dit deur die blanke munisipaliteit gebou of deur die dorpsraad, die swart dorpsraad van die woongebied. -- Dit is die swart(20 dorpsraad, edele.

Nou jy het gesê dat op daardie vergadering waar julle begin het om die glyskale te bespreek, van daar af was die dorpsraad, dit is die swart dorpsraad was gediskrediteer. -- Ek sê by daardie tyd wat ons daar vergader het hulle was alreeds gediskrediteer. Nie dat ons hulle daar gediskrediteer het nie.

Het julle hulle gediskrediteer deur te sê, of een van die klagtes was hulle het nie behuising verskaf nie? -- Maar ek het mos hier gesê sedert die jaar 1980 was daar nie 'n (30 goeie / ..

goeie voet gewees tussen die raadslede en die gemeenskap.

Antwoord my vraag. Was een van die argumente wat aangevoer is dat hierdie swart dorpsraad word gediskrediteer en daar is klagtes daaroor dat daar nie behuising verskaf word deur hulle nie? -- Die klagtes was die mense wil huise hê wat nie daar was nie en die huur word verhoog terwyl die raadslede bestaan en terwyl hulle daar is, en hulle doen niks daaromtrent nie. Dit was die klagtes gewees.

Die raad wat in 1983 November gekies was, daar was 'n raad gekies? Dit het jy gister gesê. -- Dit is reg. (10)

Was hulle geblameer na hulle verkiesing in November 1983 dat hulle nie behuising verskaf nie? -- Ons gee nie meer om vir hulle nie. Al word daar ander gekies, solank hulle onder daardie naam van die raad gekies word en hulle nog niks gedoen het wat die mense tevrede stel nie, hulle is maar net dieselfde soos die voriges. Nou ja, ons het niks met hulle te doene gehad nie.

Het julle nie gestel dat hulle nie behuising verskaf nie. Dit is 'n eenvoudige vraag, ja of nee? -- Praat u nou van die vergadering wat in Augustusmaand gehou was? (20)

Ek het baie duidelik vir jou gevra, na die verkiesing in November 1983. Sal jy asseblief luister na die vrae. -- Ek weet nie hoe ver wag u moet ek hierdie vraag antwoord nie want ek sê vir u ons gee nie om vir hulle in daardie lokasie nie.

HOF: Ja, maar u antwoord nie die vraag nie. Die vraag is is daardie raad wat in November 1983 verkies is, geblameer dat hulle nie behuising verskaf nie? -- Nee, hulle was nie.

MNR JACOBS: Was hulle geblameer dat hulle nie paaie verskaf na hulle verkiesing nie? -- Hulle was nie blameer nie want (30

kyk / ..

kyk ons het die beskuldigings genoem by ons vergadering in Augustus 1983. Alles was daar in daardie vergadering genoem. Hulle is dus nie blameer nie.

Was hulle geblameer oor die emmerstelsel waarvoor daar spesiaal "street committees" volgens jou getuienis gestig is? -- Al die klagtes en die beskuldigings was genoem gewees. Eintlik dit was na aanleiding daarvan dat CRADORA gestig is omdat ons van hierdie dinge wat u nou noem gekla het.

HOF: U antwoord nog nie die vraag nie. Dit gaan oor die nuwe raad wat in November 1983 gekies is. -- Laat ek dit so stel (10 daar was al huise gewees en die huise het nou daar gestaan. Ons het hulle nog blameer vir die res wat genoem word want daar is niks wat gedoen was selfs na hulle oorgeneem het. Die kwessie van die huur geniet ook nie aandag nie. Dit is op daardie basis dat ek kan sê dat hulle ook blameer was.

MNR JACOBS: Al hierdie klagtes, laat ek dit dan saamvat vir jou, die kondisie van die huise, die elektrisiteit, die watervoorsiening, die onwettige mense wat in die gebied is en die huur en die feit dat hulle nie hulle beloftes nagekom het nie, was dit op vergaderings na hulle verkiesings op (20 hulle geblameer? -- Ja.

En dit was op massavergaderings nê waar die mense vertel het dat die raad doen nie hierdie dinge nie? -- Ja.

En was die mense dan laat verstaan kyk, hierdie mense is sommer niks nie? -- Kyk, ek weet nie hoe wil u hê moet ek dit vir u vertel nie. Ek het vir u gesê ons het sedert 1980 begin kla oor hierdie dinge. Ons het die owerhede blameer, dit is die administrasieraad omdat ek gesê het ons het nie omgee wat hierdie raadslede gedoen het nie, ons het hulle nie in ag geneem as mense wat in beheer was van die plek (30

nie / ..

nie. Tot en met hierdie tyd wat u van praat, die mense saam met wie ons bereid was om te praat was die administrasieraad dit wil sê die senior owerhede bokant die raadslede. Ek verstaan nou nie dat u elke keer vir my sê dat ons hierdie mense blameer het nie. Daar was geen blaam wat ons op hulle geplaas het nie, ons het die blaam geplaas op die mense wat seniors was by hulle.

Het julle ooit met hierdie klagtes van julle gegaan na die raad toe, dit is die dorpsraad, om dit reg te stel onder andere die emmers wat dan nie verwyder is nie? -- Ek is (10 bietjie verdwaal. Watter dorpsraad is dit nou wat ons van praat?

Die swart dorpsraad. -- Luister, ek het u gesê ons het na die administrasieraad toe gegaan as CRADORA. Ons het die stadsklerk gaan sien wat die verteenwoordiger was van die administrasieraad, van die swart raad. Ons het mnr Koch gaan sien, ons het mnr De Beer gaan sien hieroor. Dit is die mense wat in beheer was van hierdie afdeling van hierdie goed in Cradock.

As u sê CRADORA het hulle gaan sien, het u saam met (20 CRADORA se verteenwoordiger na hierdie mense toe gegaan wat jy genoem het? -- Ek het hier vir die hof gesê in my getuienis dat ek by was by die vergadering met mnr Sam de Beer as 'n minister oor die klagtes van daardie woonbuurt.

HOF: Ja, ekskuus nou, was hy die minister van onderwys of was hy die minister van plaaslike bestuur, swart sake? -- Hy was die onder-minister van onderwys en opleiding, maar hy was nog 'n minister of iets in beheer van die bantoe-adminstrasieraad afdeling daar. -- Toe hy gesien was in April 1985 waar mnr Goniwe teenwoordig was as 'n verteenwoordiger, hy was (30

gevra / ..

gevra van hierdie konsep, wat die konsep is van hierdie administrasieraad - van die raadslede - omdat hy 'n onderminister was van bantoe-administrasieraad en ontwikkeling - verskoon my, dit was in Junie 1985. Ek het 'n fout gemaak, Junie 1985.

MNR JACOBS: Ek dog die besoek aan mnr Sam de Beer was in verband met die heraanstelling van Goniwe, Mathew Goniwe? -- Ja, dit is so. Dit is mnr De Beer self wat begin praat het oor die omstandighede en die gebeure van Cradock. Omdat hy gevra het: is julle teen die gemeenskapsraad? Dit was na (10 aanleiding van daardie vraag wat ons aan hom gesê het kyk, ons is nie teen hulle nie. Al wat ons wil hê daar is die verbeterings wat gedoen moet word in die lokasie. Hy het by hom 'n afskrif van die grondwet van CRADORA wat hy vir ons gesê het dat dit 'n baie goeie grondwet is want dit het dieselfde konsep van die goewerment oor die raadslede.

En is dit die enigste keer waar jy na hoër gesag toe gegaan het, teenwoordig was met enige mense van CRADOYA om enige klagtes - jy het ook nie hier 'n klagte nie - om klagtes te gaan lê?

HOF: CRADORA of CRADOYA?

MNR JACOBS: CRADORA en CRADOYA, ek vat hulle saam want blykbaar is dit.. -- Ja, met betrekking tot die omstandighede en die toestand van die lokasie.

Ja. Nou as ek u getuienis-in-hoof reg verstaan, die geheel daarvan, dan is daar net twee insidente waar daar werklik geweld plaasgevind het wat jy waargeneem het. Sê net vir my of ek verkeerd is. Die een is by die burgemeester se vrou, burgemeester se moeder toe die begrafnis daar plaasgevind het en dat die begrafnisgangers met klippe gegooi is (30

en / ..

en die tweede is daar naby jou werksplek toe die geraas daar ontstaan het en jy ondersoek gaan instel het en jy gesien het die polisie slaan studente of leerlinge met sambokke. Is ek reg? -- Nee, dit is nie al nie. Ek het meer as dit gesien. Ek het die inspekteurs se voertuie gesien wat aan die brand was byvoorbeeld.

Het jy gesien toe dit aan die brand gestee is? -- Nee.

HOF: Wel, die getuie het gesê hy het gesien dit brand, is dit reg? -- Ja.

Nou dit is seker darem naby genoeg, is dit nie? (10

MNR JACOBS: Ja, maar hy kan - goed, jy het gesien dit brand. Wat nog? -- Ek het gesien die poskantoor is aan die brand asook die administrasieraad se kantoor wat aan die brand was. Ek het ene Ndaba se huis gesien.

HOF: Ekskuus? -- Ndaba.

Ndaba? -- Ja.

Wat brand? -- Die huis was aan die brand gewees, is geleë in Barayistraat.

Is dit nou alles op een dag of is dit op verskillende geleenthede? -- Verskillende dae. (20

In watter jaar? -- Ek praat van die twee jare 1984 en 1985.

MNR JACOBS: Nou is dit reg dan op elkeen van hierdie geleenthede - op die begrafnis van die burgemeester se moeder het die polisie opgetree?

HOF: Ek het gedink dit is die moeder van die burgemeester se vrou?

MNR JACOBS: Die burgemeester se skoonmoeder dan.

HOF: Ek weet nie, dit mag wees dat ek verkeerd is. -- Dit is die moeder van die "mayoress". (30

Dit / ..

Dit was 'n burgemeesteres wat julle gehad het? -- Ja.

Dan is dit die moeder van die burgemeester.

MNR JACOBS: Kan jy vir die hof sê, het die polisie opgetree teen daardie mense en het jy dit gesien, wat klippe gegooi het? -- Ja, hulle het hulle arresteer.

Nou behalwe daardie geval lyk dit vir my of al die ander gevalle wat jy opgenoem het en selfs by die skool het jy nie gesien hoe die ding begin het nie?

MR BIZOS: Did the witness mention any damage to any school?

MNR JACOBS: In die gevalle by die skool het ek gesê. Dit(10 is nie skade nie, dit is die geval wat ek netnou genoem het naby sy werk waar die skool is, waar die polisie mense met sambokke geslaan het.

MR BIZOS: Well, speaking about places which were damaged, I have not heard the witness say that any school was damaged.

MNR JACOBS: Op al hierdie plekke waar jy gesien het hierdie dinge brand wat jy nou genoem het, vier van hulle, plus die geval by die skool waar jy die geraas gehoor het en toe jy gaan ondersoek ingestel het gesien het die polisie slaan kinders met sambokke en jaag die kinders met sambokke, het jy nie in een geval gesien hoe daardie insidente begin het nie? (20 -- Ek is nie duidelik nie, u praat nou van baie dinge. Laat ons een vir een vat, wil u weet van die skool se geval of wil u alles sommer bymekaar bring by een ding.

Ek het probeer om dit kort te sny, maar kom ons vat die skoolgeval dan kan ons die ander miskien kortsnij. Jou getuigenis was jy het 'n geraas by die skool gehoor en toe het jy uitgegaan en ondersoek ingestel en die dinge gesien. Maar toe die polisie daar gekom het en begin het met wat daar gebeur het en hoe hulle begin het en wat veroorsaak het dat(30

hulle / ..

hulle begin het, het jy nie gesien nie? -- Kyk, as u mooi geluister het dan sal u verstaan. Ek is 'n kind wat in die lokasie grootgeword het. Hier sê ek vir die hof vroeër het ek gesien dat die kinders daar sing en later hoor ek die geraas en die geraas gaan ek uit, sien ek die polisie die kinders slaan. Dit is duidelik dat dit was as gevolg van daardie singery wat daar plaasgevind het dat die polisie die kinders sou slaan.

Is dit 'n afleiding wat jy maak? -- Dit is 'n afleiding omdat ek gesien het dat die meeste van die goed het maar (10 presies so gebeur.

En jy het nie gesien toe die polisie daar aangekom het nie, jy het nie gesien wie vir hulle die hek oopgemaak het nie, dit het jy nie gesien nie? -- Ek het dit nie gesien nie maar wat die belangrikste is, is dat die kinders met sambokke geslaan was.

Jy weet nie wat het die kinders aan die polisie gedoen of anders gedoen dat die polisie hulle geslaan het nie. Jy het dit nie gesien nie? -- Kyk, ek is die man wat daar bly, ek ken daardie plek Sam Xhallie. Dié se omheiningsdraad is (20 so hoog dat 'n kind nooit 'n klip oor daardie heiningdraad sal kan gooi nie. Die polisie het daar opgedaag met die sambokke.

HOF: Oor 'n koppie tee kan julle altwee 'n bietjie afkoel. Die hof sal verdaag vir 15 minute.

DIE HOF VERDAAG VIR TEE / DIE HOF HERVAT

ALFRED STETI SKWEYIYA, nog onder eed (deur tolk)

HOF: Mnr Skweyiya, sowel u as mnr Jacobs sal, hoop ek, in gedagte hou dat u graag 'n vliegtuig wil haal vanmiddag. -- Ja, ek wil graag gaan preek.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR JACOBS: Goed, kom ons (30 gaan / ..

gaan aan met die skool se affêre. Jy weet nie dat die onderwyser daar die polisie geskakel het om soontoe te kom nie? -- Ek het nie so gesê nie. Ek weet nie daarvan nie.

Ja, en dat hy die hek gaan oopmaak het wat toegesluit was, vir die polisie? -- Ek het niks daaromtrent gesê nie, ek weet nie daarvan nie.

Weet jy wie die hoof van daardie skool was of die waarnemende hoof gewees? -- In daardie tyd wat die kinders met sambokke geslaan was?

Ja. -- Nelson Magadu. (10)

Weet jy of daarso by daardie skool voor die polisie ontbied is, kinders uit klaskamers uitgeruk is deur ander skoliere? -- Ek weet nie daarvan nie. Al wat ek vir u kan sê is ek was by die streekshof gewees in Somerset-Oos waar hierdie saak verhoor was. Daar was niks hieromtrent gesê as een van die gebeure wat daar plaasgevind het nie. Dit is die prinsipaal van die skool wat daar getuig het, dit is hy wat gesê het.

Weet jy, miskien sal ek dit korter kan sny, weet jy in CRADORA was daar gevesgte gewees tussen die polisie, waar klippe gegooi was en die polisie traanrook gegooi het. (20

HOF: Ek hoop dit is in Cradock.. -- CRADORA? (gelyk)
..nie in CRADORA nie.

MNR JACOBS: In Cradock, ekskuus. -- Wat is die vraag?

Dra u kennis daarvan dat daar in Cradock was daar gevegte tussen polisie en skoliere waar daar klippe gegooi is deur skoliere en polisie met traanrook geskiet het. -- Ek weet van die jeug ja, maar nie van skoliere nie.

Wat sluit u nou in by jeug? -- Ek praat van die jeugdiges in die lokasie, nie skoliere nie.

HOF: Sluit u jeugdiges ook skoliere in? -- Wat ek daarby (30
bedoel / ..

bedoel is ek het jeugdiges gesien in die lokasie wat klippe gegooi het. Almal is gekleed in privaatklere. Ek kan dus nie sien wat die verskil is, watter een is 'n skoliere of daar skoliere is nie. Of daar nie skoliere was nie, so dit is hoekom ek hulle jeugdiges noem.

Hulle het klippe gegooi na die polisie? -- Ja, die polisie het toe met die traangas geskiet en haelkoeëls.

Het jy kennis gedra dat daarso padblokkades opgestel was deur die jeug dan om te verhoed dat die polisie in die gebied in kom. -- Ek het dit eenkeer gesien, dit was op 26 Maart (10 1984. Ons was op pad werk toe, ek weet nie wie dit geplaas het daar nie. Dit was om en by daardie tyd wat ons van die kerk af teruggekom het in die Ciskei.

So is dit dan reg meneer, dat u kan nie vir die hof sê hoe het enige botsing tussen die polisie en die jeug ontstaan nie. U het op 'n later stadium daarvan gehoor of dit gesien? -- Sommer so in die lokasie?

Ja. -- Nee, maar ek bly daar naby die winkels. Wat gebeur het is dat die kinders begin sing het daar naby die winkels. Dan kom die Hippos daar. As die Hippos kom dan (20 sal die kinders weghardloop en klippe gooi en dan die polisie sal die traangas skiet. Dan hardloop die kinders na ons huise toe wat naby daardie winkels is. So ek weet wat gebeur.

ASSESSOR: Maar dit is nou kinders wat in die skool moet wees nê? -- Wat snaaks is in Cradock is dat 'n mens sal nooit kan sê daardie kinders behoort eintlik by die skool te wees nie want hierdie dinge gebeur daar om en by 17h00. Dit is nie skooltyd nie, nou 'n mens kan nie bepaal of dit nou skoolkinders is of nie.

Maar dit is juis waarom ek vir u vra. Ons praat nou (30

van / ..

van kinders en u het vaneffe gesê dat mense is in privaatklere, jy kan nie bepaal wanneer hulle skoolkinders is nie maar was die kinders nie in skooluniforms gewees nie? -- Ja, maar die uniform word aangetrek as hulle by die skool is nie sommer so in die strate van die lokasie nie.

En die insident by die skool waar u gesê het dat die kinders met sambokke geslaan is, het hulle uniforms aangehad? -- Dit was op die skool gewees, hulle het uniforms aangehad.

MNR JACOBS: En daardie tyd was die skole nie gesluit gewees nie, dat daar nie klasse was nie? -- Nee, die skole was nie(10 gesluit gewees nie. Die kinders was op die skoolperseel gewees waar hulle van Goniwe gesing het. In die lied sê hulle dat hulle vir Goniwe wil hê.

En was dit nie so dat toe hulle op daardie stadium op die skoolperseel gesing het, dat amptelik was die skole gesluit deur die departement weens die onluste? -- 'n Skool wat vir 'n rukkie gesluit is was Lingelihle High School. Dit was in Februarie 1984 op die 7de. Dit is die tyd wat ons die plek daar verlaat het terwyl ons weghardloop omdat dit gesê was die polisie is op pad. (20

Nou om dan die hele lot saam te vat, is dit nie so nie meneer, dat jou getuienis-in-hoof waar jy vir hierdie hof gesê het die polisie was die oorsaak van die onluste en die oproere in daardie gebied was leuens want jy het nooit gesien dat die polisie iets gedoen het wat die onluste veroorsaak het nie? -- Nee, nee, ek ontken dit. Ek het gesien wat die polisie gedoen het toe hulle die kinders geslaan het en dit was lank wat ek die polisie sien.

En elke keer het die polisie volgens jou getuienis vanoggend hier opgetree nadat hulle met klippe gegooi was (30 daar / ..

daar by die winkels, alles.-- Nee, maar u praat nou van 'n geval op 'n dag. Ek sê dit gebeur met ou mense, die ouers wat geslaan word sonder dat hulle enige iets gedoen het. Dit is wat ek van praat as ek sê ek het al die polisie vantevore gesien. Daardie dag van 12 Mei 1984 was ouers geslaan gewees, dit is die dag wat ons van praat. Dit was by die begrafnis van die "mayoress" se ouer. Hulle slaan ouers daar. Ek het gesê die boikot was op 16 Junie 1984 en dit is waar die ouers geslaan was.

Meneer, is dit nie reg dat die onluste, skoleboikot en(10 moeilikheid het al begin in Januarie 1984 nie? -- Dit is so.

So as jou weergawe nou reg is van Meimaand 1984 dan was die onluste alreeds aan die gang? -- Ja, dit was daar gewees.

So die polisie kon dit nie veroorsaak het dan deur eers op 12 Mei soos jy sê, mense te gaan slaan het nie, ouers te gaan slaan het nie. -- Weet u wat, 'n mens sal nie alles kan onthou van die gebeure waar hulle sommer onskuldige mense begin slaan het daar in die lokasie nie.

En wat meer is toe ek netnou vir jou gevra het of jy gesien het dat die polisie opgetree het daar by die begraf-(20 nis van die burgemeesteres se moeder, toe het jy nie vir ons vertel van die ouers wat geslaan is nie. Jy sê die polisie het daar mense gearresteer. -- Nee, u het my nie gevra of daar mense geslaan was nie, u het my gevra wat daar gebeur het.

Wat die polisie gedoen het. -- Wat belangrik is vir my daar is dat daardie mense is gearresteer en almal van hulle was onskuldig en is ontslaan. Dit is wat vir my belangrik was. Daardie Saterdag is ek een van die mans wat probeer het om weg te bly omdat ek nie geslaan wou word nie.

Goed. Kan u vir die hof sê wie is die persoon, ek kon(30 ongelukkig / ..

ongelukkig nie sy naam gevang het toe u dit gesê het nie, wat u in Port Elizabeth gaan sien het van die hoofdikreteur. Die klank wat ek gehoor het was vir my Merbold of Melbourne, ek weet nie wat die..

HOF: Merbold.

MNR JACOBS: Ekskuus, edele?

HOF: M-e-r-b-o-l-d. Op 'n ander plek is hy Melbourne gespel, op een van die dokumente.

MNR JACOBS: Ek was nie seker of ek verkeerd gehoor het nie. Wat is die persoon se naam, is dit Melbourne of is dit (10 Merbold? -- Merbold.

Nou het hy in 1984 daar na Cradock toe gekom? -- Ja.

Wat het hy daar kom maak? -- Hy het die president van CRADORA gebel. Hy wou 'n vergadering gehad het.

Wanneer het dit plaasgevind? -- Dit was laat in die jaar, dit kan daar wees by 7 September maar ek kan nie meer presies onthou nie.

Was dit 'n privaat vergadering tussen hom en CRADORA se mense? -- Wat gebeur het is dat hy wou 'n vergadering gehad het met die lede van CRADORA, die ouers en skoliere. (20

Het jy hom gesien daardie dag van die vergadering? -- Ek het nie die vergadering bygewoon nie, dit was in Septembermaand. My senior was met verlof gewees. Ek sou daarheen gegaan het maar ek het nie gegaan nie.

Het jy hom gesien, dié mnr Merbold, op daardie dag? -- Nee.

Het jy hom daarna, na Septembermaand 1984, gesien? -- Nee, ek glo nie dat ek hom gesien het nie. Laat ek eers bietjie dink. Ek is nie seker nie.

Dit is vir my eienaardig. Het jy hom voor daardie (30

Septembervergadering/.

Septembervergadering in Cradock gesien? -- Ja, nou onthou ek. In Desembermaand het hy vergader met die lede van die organisasies.

Waar?

HOF: Wag 'n bietjie, watter Desember? -- 1984.

MNR JACOBS: Waar het hy vergader? -- In die stadsaal van die dorp.

HOF: Het jy daardie vergadering bygewoon? -- Nee, ek het nie gegaan nie.

Jy het net geweet hy is daar, jy het hom self nie (10 gesien nie? -- Ek het gevra om verskoon te word want ek wou hom nie gesien het nie.

Meneer, antwoord net my vraag. Jy het hom persoonlik nie gesien nie, ja of nee? -- Nee, ek wil hom nie gesien het nie.

Goed, jy wil hom nie gesien het nie. Jy sien, soos ek dan verstaan van September af tot Desember het jy hom glad nie gesien nie en voor dit het jy hom ook nie gesien nie. Dit is in 1984. -- Maar ek het hier gesê van Septembermaand tot Desembermaand het ek hom nie gesien nie, maar in die (20 jaar het ek hom al gesien te Graaff-Reinet en ek het hom gesien in Port Elizabeth.

Het jy hom in 1983 gesien in Graaff-Reinet, in Cradock? -- Wie?

Hierdie selfde mnr Merbold. -- Die sien van u wat bedoel u daarmee. Kyk..

Met jou oë gesien, met jou oë gesien. -- U sien nou my antwoord is bepaal tot vergaderings, dat ek met hom vergader het as u praat van sien. Wat my betref in my taal as jy 'n persoon sien dan beteken dit dat jy met die persoon gepraat (30

het / ..

het. Nou moet ek dink. Ek het hom verskeie kere gesien, dit is lank terug. 1983, 1984, 1985 het ek hom in Cradock gesien. Hy is maar orals daar.

Waar het jy hom in Cradock gesien in 1983? -- By die hoërskool het ek hom al gesien. By Sam Xhallie het ek hom gesien. Ek het hom al by Victoria Hotel gesien. Ek het hom al tweekeer gesien die Sanlamgebou binnegaan. Ek dink amper dit is genoeg wat ek hom gesien het.

Maar jy het hom nooit by die polisie gesien nie? -- O nee, by die polisie. Dit is mos Sanlam wat ek van praat. (10

Hoe weet jy hy is by die polisie as jy hom daar by Sanlam gesien het? -- Daar is geen ander plek nie.

Is Sanlam nie daar nie? -- Net met die naam is hy daarso.

Is Sanlamkantore daarso, ander kantore daar? -- Laat ek u nou verseker al die kantore in daardie gebou het ons binnegegaan en dit is alles sekuriteitspolisie se kantore.

Ja. Jy weet nie wat hy daar gaan doen het nie? -- Nee, nee.

Wanneer het jy hom daar gesien? -- Ons het hom in 1984 gesien. (20

Was dit die eerste keer wat jy hom daar gesien het by Sanlamkantore? -- Ja, dit was die eerste keer.

Jy sien dan jou stelling dat die veiligheidspolisie deelgehad het en saam gekonkel het om mnr Goniwe te verplaas is ook net weer 'n klomp propaganda wat jy hier kom maak het en leuens. -- Ek is seker daarvan. Ek betwis u stelling.

Maar jy het nie geweet waarom praat hulle nie. Jy het hom in 1984 daar gesien, toe was mnr Goniwe mos alreeds verplaas? -- Is hy verplaas? Hy is nog in Cradock. Hoekom was Goniwe dan opgesluit as hulle nie saam gekonkel het nie? (30

So / ..

So jou stellings hierso oor saamkonkeling is weer spekulasie van jou wat jy hier in die hof kom vertel as feite? -- Om dit te verseker dat dit die waarheid is, edele, ons het hom gesien daar ingaan.

Ja, dit het jy gesien in 1984? -- Ja.

Stem jy saam dat toe was mnr Goniwe alreeds amptelik verplaas na Graaff-Reinet? -- Ja, maar jy weet nie wanneer het hulle begin om mekaar te sien, dat hulle ontmoet daar nie. Ons praat dat ons hom daar persoonlik gesien het.

Goed, kan u onthou dat mnr Oscar Mpetha 'n vergadering (10 toegespreek het in Cradock op 20 Oktober 1984? -- 1984?

Ja. -- Ja, ek weet daarvan.

En wat was hy van UDF gewees? -- Hy was die president van UDF en ons president ook.

Julle president? Wat bedoel jy daarmee? -- My president.

En was sy vergadering wat hy daar toegespreek het geadverteer dat hy as julle president en die president van UDF sou daar 'n toespraak kom lewer? -- By die vergadering van die 15de is daar gesê dat ons 'n gasspreker gaan kry by daardie vergadering met die naam van Oscar Mpetha. Hy is aan ons (20 bekend.

Dit is nou vir julle op die vergadering gesê, maar was dit ook geadverteer daar? -- Ek onthou nie.

Kan jy onthou dat daarso plakkate opgeplak was in Cradock omtrent UDF se "Million Signature" kampanje? -- Ek weet nie daarvan nie, maar ek het wel geteken by die mense van Graaff-Reinet, van Grahamstad, en daar was nooit so 'n kampanje uitgevoer by ons nie. Was daar plakkate gewees, ek weet nie daarvan nie. Ek sal dit ook nie ontken nie.

Die vorm wat jy geteken het, was dit daar op (30

vergaderings / ..

vergaderings van CRADORA EN CRADOYA waar die mense gekom het om julle handtekeninge te kry?

HOF: Hy het geteken te Grahamstad.

MNR JACOBS: O, Grahamstad. Nou goed, ek wil net een stelling nog aan jou maak en dit is meneer, dat in jou getuienis het jy baie spekulatiewe antwoorde gegee in jou getuienisin-hoof, as feite vir hierdie hof en ook baie hoorsêdinge wat jy nie van weet nie. -- Nee, dit is nie so nie.

Was daar baie openbare vergaderings gehou? -- Wanneer?

Vanaf die stigting van CRADOYA en later CRADORA tot (10 hier in die middel van 1985? -- Ons het wel vergaderings gehou voor hulle verbied was. Na die vergaderings verbied is, was daar geen ander manier gewees om vergaderings te hou nie.

Op hierdie vergaderings was daar baie vryheidsliedere gesing? -- Ja.

En baie slagspreuke geskreeu soos "Viva Mandela!""? -- Ja.

Baie ander slagspreuke soos "Viva Tambo!", "Viva ANC"?

HOF: Was die tweede gedeelte "Viva Mandela!" getolk gewees? U het begin praat toe die tolk nog praat. Die vraag wat (20 gevra is deur die tolk is baie slagspreuke geskreeu en daarop was die antwoord ja. Nou kan u verder gaan.

MNR JACOBS: Was daar baie slagspreuke geskreeu van "Viva Mandela!""? -- Ja.

"Viva Tambo!""? -- Nee, nie by ons nie.

"Viva Mkhonto!""? -- O ja, dit word baie gedoen, vernaam na Junie 1985, dit wil sê na die dood van Sparrow Mkhonto.

En "Mkhonto we Sizwe"? -- Nee.

"Viva ANC"? -- Nee, nee.

"Viva UDF"? -- Dit is ons organisasie daardie. (30

Het / ..

Het julle dit geskreeu? -- Ja.

En "Viva CRADOYA en CRADORA"? -- Ja, viva.

En al hierdie slagspreke was almal weer geveerf daar teen die mure en die plekke in Cradock? -- Ja, u is reg, dit is geveerf daar.

Daarso... -- By verskillende plekke.

Onder andere by die rugby of die voetbalveld of die sokkerveld? -- Selfs by die winkels is baie van die geskrewe goed daar.

Almal van hierdie "Viva ANC, Viva UDF, Viva Mkhonto we Sizwe"? -- Daar is baie dinge daar geskryf, "Away with the ANC, down with CRADOYA", baie van die goed gewees.

Maar was dit ook geskryf "Viva ANC, Viva UDF, Viva Mkhonto we Sizwe"? -- Ja, dit is reg, alles is daar.

Ja, en ook "AK.47"? -- Nee, ek het dit nog nie gesien nie.

En is dit so dat daar in CRADORA en CRADOYA was die ANC beskou as die "people's organisation"? -- Maar wat maak ons met die ANC want ons kyk na die probleme van Cradock.

Antwoord my vraag asseblief. -- Nee. (20)

Is dit nie beskou en daar verkondig dat die ANC veg vir julle vryheid en vir julle regte nie? -- Nee.

Dankie, edele.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS: The people that were elected to the council in 1983, were they different people that had been councillors from 1980 to 1983, or the same or some the same and some different? -- Yes, the same people were elected in 1983 but what happened is that some of them left the council and therefore were being substituted by other people.

How many of the people elected in 1983 had been (30
councillors / ..

councillors before? -- If I am correct, six.

Out of how many? -- Seven.

Was there actually an election in 1983? Were there opposing candidates? -- The only people who made themselves available as candidates for election are those six people who were not opposed by anybody else.

ASSESSOR: And the seventh person? -- He was the only one who was elected in 1983 but he also decided to withdraw during the same year, so he withdrew from being a councillor after the election. (10

But the question was, was he opposed? Was there an election? -- Yes, he was the only one who was being opposed by Ntshololo and therefore was elected.

MR BIZOS: Do we understand the position that there was the actual casting of votes only in one ward? -- That is how I understand it, yes.

You told his lordship a number of times that you did not take the councillors seriously since 1980. When the councillors resigned did they make any public statements for the reasons for their resignation? -- Yes, they gave reasons (20 for their resignations.

Can you remember what reasons were given? -- They gave the following reasons namely that whatever they say to this council and propose that be done is not being conceded and they were against the increase of rent, which ended up being increased. They were quite aware of the reasons that were causing the dissatisfaction in the community and therefore decided to resign. They associated themselves with a statement which was made by the mayoress to Louis Le Grange in which she said that there was nothing that was being done (30

for / ..

for them, that is why the situation was like this - referring to the situation at the time; in which she had said: I understand why people does not recognise us.

And Mr Le Grange was he the minister of law and order and the time? -- Yes.

COURT: Why did she make a statement to him? -- Mr Louis le Grange was on visit to Cradock, accompanied by the minister of police and the divisional commissioner of police. And therefore met the councillors. It was at that meeting where she made this statement. This was in the newspaper report. (10

This beerhall that there was trouble about, do you know who built it? Whose money was used to build the building? -- The administration board built the structure and then the person who will trade there only has to get a licence to trade from that building.

Yes, thank you. I have no further questions.

ASSESSOR: Wanneer het u dienste by die administrasieraad tot h einde gekom? -- Ek is vrygelaat op 3 Maart 1988 vanuit aanhouding. Toe ek navrae doen sê hulle vir my dat die dag na my aanhouding, dit wil sê die volgende dag, het hulle (20 my ontslaan. Dit was 28 Augustus 1986.

Is u toe vrygelaat? -- Dit is die tyd wat ek in aanhouding geneem is. Ek is vrygelaat op 3 Maart 1988.

Was u met ander woorde vir sowat agtien maande in aanhouding? -- 555 days.

Wat was u eindsalaris by die administrasieraad? -- Ek sien dit op die kaart van werkloosheid dat ek R600 plus moes gekry het wat ek nog nooit gekry het nie.

HOF: Maar in die laaste maand wat u gewerk het, fisies gewerk het, het u nie salaris gekry nie? -- Ek het vergeet (30

maar / ..

maar dit is iewers by R470, daar rond.

ASSESSOR: Kan ons net hoor, die R470 is dit geld wat u werklik gekry het by die raad? -- Ja, dit is die groottotaal.

Hoeveel geld het u in u hande gekry? -- Omtrent R300 want ek het assuransiepremies gehad.

Wat trek hulle nog af? -- Pension scheme, medical aid, unemployment insurance, house rent. Ja, dit is omtrent al.

Ja, dankie.

HOF: Ek wil u graag vra oor 'n aspek wat onduidelik was. In antwoord op 'n vraag van mnr Jacobs hier teen die einde (10 van die kruisondervraging het u gesê dat in Januarie van 1984 was die skoliere al besig met 'n boikot. Ek het u verstaan dat u gesê het op 3 Februarie 1984 het die skoleboikot begin. Kan u net vir my verduidelik, is daar 'n verskil? -- Ja, daar was miskien 'n misverstand gewees. Wat ek gesê het is dat die kinders het by die skool gerepeteer in Januarie. Eers na 3 Februarie het hulle toe begin met die boikot. Dit is die kinders van Sam Xhallie se skool

Ek het gedink die boikot het begin by Lingelihle hoërskool? -- Ja, ek praat van na Lingelihle begin het, die (20 3de. Dit wil sê op die 3de was Lingelihle se kinders en dan Sam Xhallie se kinders het na die 3de eers deelgeneem aan die boikot.

Hoe lank daarna? Onmiddellik daarna, die volgende dag? -- Dit was op die 6de toe dit by Sam Xhallie begin het.

Enige vrae voortvloeiend uit dié van die hof?

GEEN VERDERE VRAE NIE

MNR BIZOS spreek hof toe oor getuies wat Maandag getuienis sal gee, naamlik van Thembisa, Adelaide en Huhudi:

And also m'lord, in the absence of any admission which(30 we/..

we hope to get some time to discuss with Mr Jacobs, evidence has got to be given on the prominence and authenticity of the sound track and 32 mm film of Mr Kevin Harris, as to how it was moved about. I am hoping to get an admission, if not three witnesses will be led on that and I may also indicate whilst I am on my feet that we have assessed the situation. The probabilities are that we will finish the evidence by the end of the month when your lordship..

COURT: By the end of the month?

MR BIZOS: By the end of the month when your lordship (10 takes the adjournment. We may ask your lordship to allow us to tidy up any loose ends that there may be during the adjournment as the state did at the time that it - but there will be nothing substantial. It may be that either admissions will be sought or some formality has got to be proved that we will not manage to get between now and the end of the month, so it looks as if the evidence itself is likely to - save for these exceptions, minor exceptions, will finish by the end of this month, so that your lordship can possibly let us know what the time constraints are in relation - not now, but we (20 would appreciate if your lordship would give thought and let us know once the evidence is finished, how your lordship views the future conduct and what time the state will want to take..

COURT: Yes, I will have to discuss this matter with my superior and also I would like to discuss it with my assessor.

MR BIZOS: As your lordship pleases.

COURT: But I must first get a more firm indication when the end will be.

MR BIZOS: It looks likely that it will be by the end of the month. (30

COURT / ..

COURT: Yes, thank you. Mnr Jacobs, u sal seker besef dat ons uiters langtand gaan sit en luister na tegniese getuienis waarop ooreengekom kan word. U moet u bes doen om met mnr Bizos ooreen te kom. As daar sake is soos bandopnames en dié soort van dinge want tegniese getuienis is sekerlik nie nodig om die hof se tyd in beslag te neem as daarop ooreengekom kan word nie.

MNR JACOBS: Ja, dit hang af wat die erkennings is wat gemaak wil word, want ek sal u sê ons het te kenne gegee dat ons betwis daardie spesifieke band en dat ons sal - ek het (10 destyds vir u gevra dat ek gaan, terwyl dit in geskil is dat ons gaan vra om dr Jansen terug te roep op daardie aspek van daardie band, of daarmee gepeuter is of nie.

COURT: Well, Mr Bizos, will you formulate the admissions that you want from Mr Jacobs and place them before him and then we will know exactly where we stand.

MR BIZOS: As your lordship pleases. I will go as far as actually show him the statements and then he can consider his position as to whether we are going to have long drawn-out questions. I may say that the witnesses are really, (20 there are attorneys, and office manager in an attorney's office and things like that, but we will try and avoid it.

COURT: Well, as we know they are all good witnesses.

MR BIZOS: Well, mostly they say they do not remember.

COURT: Yes, as usual.

THE COURT ADJOURNS UNTIL 6 JUNE 1988.